LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

10-08-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 26 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 REVUE:

Dringend: Al die leerders se R150 moet asb dringend inbetaal word by die registeronderwysers.

2 SEKURITEIT VAN LEERDERS BY DIE SKOOL:

OUERS RESPEKTEER ASB DIE TOEGANGSREëLS EN SEKURITEIT VAN ONS LEERDERS!!!!

- Ons het 'n probleem met ongemagtige persone wat saam met die ouers die terrein betree.
- **Daarom versoek ons dat geen ouers in skooltyd tussen die klasse sal wees nie.**
- Slegs die Graad 1 hekkie sal oopgemaak word vir die junior leerders om te verdaag. **Ouers moet asseblief in die parkie wag vir die kinders.**
- Alle ouers moet in skooltyd, by die Ontvangskantoor aanmeld.
- Die Kardoesie hek word slegs gebruik vir toegang tot Volkie Vere.
- Die hekke in Begeman- en Van der Westhuizenstraat word om 13:40 oopgesluit vir die seniors wat verdaag.

3 **MINI-KRIEKET:**
Ons oefen vanaf 14:00 - 15:00. Ons eerste wedstryde is op 13 Augustus.

4 **BYBELVASVRA:**
Die Bybelvasvra vind plaas op 17 Augustus 2016.

5 **KULTUURAAND 2017:**
Neem kennis dat daar tans slegs 6 tafels beskikbaar is vir die Kultuuraand 2017. Kaartjies is gereed by Chrisna. Betalings van alle kaartjies asb nie later nie as 30 November 2016.

6 **SKAAK**:
Belangrike skaak inligting vir die kwartaal:
Die Sedibeng Skaak Liga Finaal vir die 0/13 span vind plaas op Vrydag, 12 Augustus te Dr Malan, Meyerton. Die Gauteng Liga Finaal vir die 0/9 en 0/11 spanne vind plaas op Vrydag, 19 Augustus te Waterkloof, Pretoria. Briewe met alle belangrike inligting rakende hierdie twee datums en reëlings sal later aan spelers uitgegee word.
Skaak oefening:
Maandae: Juniors 15:00 – 15:45 (15 Augustus – Gr 1 en 3)
Woensdae: Seniors en liga spelers 14:30 – 15:30

7 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**
Alle uitslae by Juffrou Helanie **voor/op Vrydag, 18 Augustus**.

8 **KOOR**:
Geen Senior kooroefening op Woensdag nie.

9 **LANDLOOP**:
Oefening is Maandae, Dinsdae en Donderdae van 15:00 - 16:00.
Volgende byeenkoms is 12 Augustus te Sedaven, Laerskool AG Visser reël die byeenkoms.

10 **VARKFEES:**
- **HULP**:
  Onthou asb om die VARKFEES SE HEK-/KROEGDIENS VORM te voltooi en terug te stuur.
- **TOEGANG**:
  - Daar is 'n spesiale aanbod vir slegs ons Volkie Ouers.
  - Naweekkaartjie vir R150 per volwassene en R100 per laerskoolkind. U kan dit by die registeronderwyser inbetaal ***net tot op 26 Augustus 2016.***
- **LIEWE HEKSIE VERTONING**:
  - Ouers moet kennis dra dat daar van die Hoër Volkskool personeel gaan wees wat die leerders gaan kom uit- en terug teken.
  - Kaartjies is beskikbaar tot 26 Augustus 2016.

11 **VOLKIE FOKUS NUUSBULLETIN:**
Ouers moet asb so gou as moontlik hul kinders se buitemuurse inligting en foto's vir Heléne Botha aanstuur by helenebotha@laervolkskool.co.za .

12 **INDIVIDUELE FOTO'S:**

Elke leerder ontvang vandag 'n bestelvorm met die inligting rakende die Individuele foto's. Merk asb u bestelling duidelik en stuur die regte gelde saam skooltoe vir die registeronderwysers. Foto's word geneem vanaf 22 - 29 September 2016.

13 **ATLETIEK 2017:**

Ons soek asb ouerhulp vir afrigting in atletiek (baan- en veld items) om vaardighede en -tegnieke in die 4de kwartaal vir die leerders aan te leer. Kontak asb vir Mnr Tewis by 0769050672.

14 **NASKOOLSENTRUM**:

Ons is opsoek na enige bordspeletjies wat die kinders in die middae kan gebruik asook ou rekenaarprogramme soos Encarta of ander opvoedkundige programme en speletjies. Stuur asb kantoor toe.

15 **KOMMUNIKASIE**:

Ons wil graag op 'n sinvolle manier met u as ouers kommunikeer. Daarom gebruik ons die volgende opsies:

1 Skool se webwerf is www.laervolkskool.co.za
2 School Communicator link - www.school-communicator.com/download.php.
Kies die skool - Laer Volkskool Heidelberg en volg die instruksies vir u rekenaar/ smartfoon.
3 Ons Facebook-adres is:
http://www.facebook.com/pages/Laer-Volkskool-Heidelberg/114981885345721
4 SMS stelsel
5 Epos stelsel
6 Omsendbrief word per hand (harde kopie) ook uitgedeel.

Indien u geen kommunikasie vanaf die skool ontvang nie, kontak vir Gerna. Ons wil u graag elkeen bereik om 'n manier.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF